Dinsdag 15 Desember

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10 (AFR2020)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:9, 10 (AFR2020)

## Die getuienis oor 'n bekeerde

Net soos in gister se Skrifgedeelte spreek Paulus sy dank teenoor God uit wanneer hy aan hierdie gemeente dink. Want dit is duidelik dat die lidmate van hierdie gemeente 'n drastiese omkeer in hulle geloofslewe ondergaan het (vs 9). By wie het Paulus en die ander apostels van hierdie bekering van die gelowiges in Tessalonika gehoor? Juis by dié mense wat die gemeente met hulle gehoorsaamheid aan God bereik het. Die gelowiges van Macedonië en Agaje (vs 7), die gelowiges van "elke plek" (vs 8) waar die Here se Woord vanaf Tessalonika weerklik het.

Geloofwaardigheid en opregtheid bring 'n mens baie ver. Wanneer jy werklik met jou optrede wys dat jy bekeer is, dan is die impak van jou bediening net soveel groter. Natuurlik is dit die Heilige Gees wat geloof wek, maar dié een wat die Woord verkondig se voorbeeld speel ook 'n rol. Vir 'n nuwe gelowige spreek jou lewenstyl en optrede boekdele.

Die lidmate van hierdie gemeente het op die Woordbediening gereageer. Hulle het die boodskap van Christus se verlossing met oorgawe ontvang. Die Heilige Gees gee aan hulle gawes van geloof, liefde en hoop (vs 3). Deur sy Woord en Gees bewerk God bekering in sy uitverkore kinders se harte (vs 4, 9) en vestig die lewende God hulle hoop op die opgestane Christus se wederkoms (vs 10).

Die evangelie is aanvanklik in Tessalonika verkondig, maar die eggo van die Woord bereik naderhand sóveel ánder mense. Te danke aan gehoorsaamheid en bereidwilligheid weerklink die Goeie Nuus van Christus tot in elke volgende plek. Naderhand is dit nie net Paulus wat sy hoop op Christus se wederkoms stel nie, maar álle gelowiges wat hierdie eggo hoor. Is jy een van hulle? Wys jy met jou optrede dat jy as bekeerde uitsien na Christus se regverdige oordeel?

*Sing: Psalm 42-1:1, 2, 5*

*Ds. LD (Daniël) Myburgh (Otjiwarongo)*